



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIENRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- **Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken 'n sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

VRAAG 1**TEKS A: STORIES VAN ...**

[Verwerk uit <https://bit.ly/2l9hVRI>; <https://bit.ly/2Tcukdy>; <https://bit.ly/32HKBKT>]

| ANTWOORD | | PUNT |
|----------|---|------|
| 1.1 | Themba (Maluleke)/hy wou graag 'n verskil in die lewens van arm kinders maak. | (1) |
| 1.2 | (In 'n) <i>shack</i> . | (1) |
| 1.3 | Kanker | (1) |
| 1.4 | Dit was my taak (om te kyk ...) (Aanvaar selfs as die kandidaat die hele sin aanhaal.) | (1) |
| 1.5 | 1.5.1 Waardevol | (1) |
| | 1.5.2 Hy het nou besef dat hy 'n verskil wou maak en hoop bring./Wil mense help om hul drome waar te maak. | (1) |
| 1.6 | <ul style="list-style-type: none"> • Huiswerk • Sport • Kultuur • 'n Nasorgsentrum begin (<i>Enige EEN</i>) | (1) |
| 1.7 | Haar man is dood (en sy moes alleen regkom)./Sy moes alleen vir haar kinders sorg./Sy het moeilikhede (in haar lewe) ervaar. | (1) |

| | | | |
|---------------------------|---|--------------------|------------|
| 1.8 | Tuisversorger: sy moes die medikasie gebruik. Nokuthula: sy wou nie medikasie gebruik nie (omdat sy nie haar status wou aanvaar nie). | | (1) (1) |
| 1.9 | Nokuthula se gesondheid het verbeter./Perdfris en gesond./Sy voel baie sterker. | | (1) |
| 1.10 | Sy het gesond geword./Sy het amper gesterf./Sy was doodsiek. | | (1) |
| 1.11 | <ul style="list-style-type: none"> • Sy ma is dood. • Sy pa het verdwyn./Sy pa was die meeste van die tyd dronk. • Hy is kindershuis toe. <i>(Enige TWEE redes)</i> | | (2) |
| 1.12 | C / Sonder om 'n spoor na te laat. | | (1) |
| 1.13 | In die kindershuis | | (1) |
| 1.14 | ... lid van provinsiale spanne. | | (1) |
| 1.15 | Hy was mal daaroor. | | (1) |
| 1.16 | As Mnr. SA-finalis kon hy baie geleenthede kry. | | (1) |
| 1.17 | 1.17.1 | D – Naskoolsentrum | (1) |
| | 1.17.2 | A – Hospitaal | (1) |
| | 1.17.3 | C – Kindershuis | (1) |
| 1.18 | <ul style="list-style-type: none"> • Hulle wil mense help/hoop gee/aanmoedig/n verskil in mense se lewens maak. • Hulle wil help om mense se drome waar te maak. • Hulle wil mense laat droom. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> | | (1) |
| 1.19 | Hoop | | (1) |
| TEKS B: PETROLPRYS | | | |
| [Bron: Outa] | | | |
| 1.20 | R4,45 | | (1) |
| 1.21 | Padongelukfonds | | (1) |
| 1.22 | Vervoer, klein- en groothandelwins, pyleiding, ens. | | (1) |
| 1.23 | Goedkoper | | (1) |
| 1.24 | R13,54 | | (1) |
| 1.25 | Ander | | (1) |
| TOTAAL AFDELING A: | | | 30 |

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:

Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.

Punte

1–3 feite korrek – 1 punt

4–5 feite korrek – 2 punte

6–7 feite korrek – 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:

Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.

Punte

6-7 aanhalings – geen punte vir taal

1-5 aanhalings – 1 punt vir taal

LET WEL:

Woordtelling: Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

TEKS C: HOE LEER OUERS TIENERS RESPEK?

LET WEL: Kandidate moet sewe wenke gee oor **HOE OUERS TIENERS RESPEK LEER.**

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|--|--|
| <p>Indien ouers kwaad raak, luister kinders glad nie na hulle ouers nie. Ouers moet daarom kalm bly en rustig met hul kind praat.</p> | <p>1 Ouers moet kalm bly./Ouers moet rustig met hul kind praat.</p> |
| <p>Indien jou kind onbeskof of astant is, sê dadelik dat jy nie sal luister voor hy/sy ordentlik met jou praat nie.</p> | <p>2 Moenie na jou kind luister as hy nie ordentlik met jou praat nie.</p> |
| <p>Dis ook goed om die gedrag van die kind te beskryf, bv. ek hoor jy is ongeduldig, of jou stem is te hard om respektvol te wees. Dit sal die kind laat dink hoe om sy stemtoon te verander en vriendeliker te maak.</p> | <p>3 Beskryf jou kind se gedrag.</p> |
| <p>Gebruik humor wanneer jou kind disrespek toon deur bv. te vra “wat is die towerwoord?” Kinders is gewoonlik hierna vriendeliker.</p> | <p>4 Gebruik humor wanneer jou kind ongeskik is.</p> |
| <p>Indien ’n vraag nie met respek gevra word nie, moet ouers nie toegee op dit wat jou kind vra nie. Kinders moet leer om nie net te wil hê nie.</p> | <p>5 Moenie toegee indien jou kind nie met respek iets vra nie.</p> |
| <p>Dit is belangrik dat ouers hul kind met respek moet antwoord soos hulle self aangespreek wil word.</p> | <p>6 Ouers moet hulle kinders met respek antwoord.</p> |
| <p>As ’n mens kwaad word, help dit nie. Praat later met jou kind wanneer almal kalm is; daarom moet ouers hulle tyd baie fyn beplan, hulle kind verstaan en goed lees.</p> | <p>7 Praat met jou kind wanneer almal kalm is.</p> |

(66–69 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**NASIENRIGLYNE**

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir...*, geld hierdie toeweging nie.
- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.**
 - Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
 - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die puntuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed. LET WEL: waar taalstrukture getoets word, word spelling gepenaliseer.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**

[Verwerk en aangepas uit <https://bit.ly/39f0ASN>]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|-------|--|-------------|
| 3.1 | D / die advertensie persoonlik wil maak. | (1) |
| 3.2 | Ek dra 'n nommer vier skoene. (Syfer) | (1) |
| 3.3 | Suid-Afrika | (1) |
| 3.4 | Dit moedig mense aan om gesond te eet. | (1) |
| 3.5 | Die adverteerder verwys na positiewe/voordele vir jou hart. Die leser kan sien wat alles goed vir jou hart is. (Beide deur die geadverteerde of leser se oogpunt word aanvaar.) (Moenie die volgende aanvaar nie: <i>dit gee 'n lys van dinge waarvoor vis goed is.</i>) | (1) |
| 3.6 | Hartkwale | (1) |
| 3.7 | Bloed – klon – te | (1) |
| 3.8 | Smullekker | (1) |
| 3.9 | Eet beter, leer beter dui op die gesondheidsvoordele van <i>Lucky Star</i> (vir jou hart) wat genoem word, | (1) |
| 3.10 | Jou bloeddruk word deur vis verlaag. | (1) |
| | | [10] |

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Aangepas en vertaal uit <https://www.brainpickings.org/2013/05/20/bill-watterson-1990-kenyon-speech/>]

| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT |
|--------------|---|-----------|-------------|
| 4.1 | Timo/Hy/Die seun sê dat hy vir inspirasie wag. Timo/Hy/Die seun het gesê dat hy vir inspirasie wag. Timo/Hy/Die seun sê hy wag vir inspirasie. Timo/Hy/Die seun het gesê hy wag vir inspirasie. (Enige EEN) | | (1) |
| 4.2 | Hy bedoel dat hy wag en die stippels wys op die wag vir inspirasie. Hy het nog nie klaar gepraat nie. Hy beklemtoon dat hy nog geen inspirasie gekry het nie en steeds wag. | | (1) |
| 4.3 | 4.3.1 | Sandput | (1) |
| | 4.3.2 | Gebreekte | (1) |
| 4.4 | Moet jy in die regte bui wees? (Die vraagteken is verpligtend.) | | (1) |
| 4.5 | Met | | (1) |
| 4.6 | <ul style="list-style-type: none"> • Sy gesig (lyk bekommerd.) • Die lyne bo sy oë./Hy frons. • Sy mond • Sy gesigsuitdrukking/Hy lyk hartseer/treurig. (Enige EEN) | | (1) |
| 4.7 | Wat was daardie bui? | | (1) |
| 4.8 | Die beklemtoon die feit dat hy paniekerig sal wees./Dat dit tyd sal wees wanneer hy sy projek sal doen. | | (1) |
| 4.9 | Sjoe(!) | | (1) |
| | | | [10] |

| VRAAG 5 | | | |
|--|-----------------|---|-------------|
| TEKS F: MAKLIKER MET 'N MOEILIKE TIENERSEUN | | | |
| [Eie teks] | | | |
| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT |
| 5.1 | 5.1.1 | Tienerdogter/Tienermeisie | (1) |
| | 5.1.2 | Om 'n goeie verhouding met tieners te hê, was nog nooit maklik nie. | (1) |
| | 5.1.3 | Sy | (1) |
| | 5.1.4 | Gee | (1) |
| | 5.1.5 | Negatiewe | (1) |
| | 5.1.6 | Moenie na jou seun luister nie. | (1) |
| | 5.1.7 | Vind uit wat jou seun dink; dan sal julle mekaar beter verstaan. | (1) |
| | 5.1.8 | Mooiste | (1) |
| | 5.1.9 | Dolgelukkig/doodgelukkig/sielsgelukkig | (1) |
| | 5.1.10 | Anders | (1) |
| | 5.1.11 | Daaglik | (1) |
| | 5.1.12 | Hy sal eendag goed groot word. | (1) |
| | 5.1.13 | beïnvloed | (1) |
| | 5.1.14 | weer oor ou dinge praat nie | (1) |
| TEKS G: PRENT | | | |
| [Uit: Spots. New way, easy start. 1992] | | | |
| 5.2 | 5.2.1 | Pantoffels | (1) |
| | 5.2.2 | 'n heerlike appel | (1) |
| | 5.2.3 | Breekware/breekgoed/glasware | (1) |
| | 5.2.4 | Die varkie luister elke dag heerlik in die bed na musiek. | (1) |
| | 5.2.5 | Potloodjie | (1) |
| | 5.2.6 | 'n Antoniem | (1) |
| | | | [20] |
| TOTAAL AFDELING C: | | | 40 |
| GROOTTOTAAL: | | | 80 |